# Hoofstuk van die dag: Matteus 7

> *Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. (vers 21)*

Die Here Jesus leer ons in die Bergrede (Matt 5-7) dat ’n kind

van God se lewe anders lyk. Iemand wat glo, se lewe moet só wees dat dit pas by sy belydenis dat hy God liefhet.
Om hierdie feit te onderstreep, sluit die Here die Bergrede af met 'n reeks oproepe op sy dissipels om nie net te sê nie, maar ook te doen. Stry om by die nou poort in te gaan (vers 13-14). Oppas vir die valse profete wat sê jou dade is nie belangrik nie, solank jy maar net glo. 'n Boom word aan sy vrugte geken; so 'n gelowige aan sy dade (vers 15-20). Die regte woorde alleen tel nie (vers 21).
En ten slotte vertel Hy die gelykenis van die twee fondamente, waarin Hy sê: Die finale toets is nie of jy saamstem met die Bybel en met die woorde van die Here nie, die finale toets is of jy dit dóén.
Dán sal jy te midde van die lewensstorms gelowig bly.



© Bybelkoerant 2018 – 2026